

# Inhoudsopgawe

1	Die skepping en die sondeval – (28 September–5 Oktober)	118
2	Die oorsake van tweedrag – (6-12 Oktober)	126
3	“Dat almal een mag wees” – (13-19 Oktober)	134
4	Die sleutel tot eenheid – (20-26 Oktober)	142
5	Eenheidsbelewenis in die vroeë Christelike Kerk–(27 Oktober–2 November)	150
6	Beelde oor eenheid – (3-9 November)	158
7	Wanneer konflik kop uitsteek – (10-16 November)	168
8	Een in geloof – (17-23 November)	176
9	Die mees oortuigende bewys –(24-30 November)	184
10	Eenheid en gebroke bande – (1-7 Desember)	192
11	Een in aanbidding – (8-14 Desember)	200
12	Kerkorde en eenheid – (15-21 Desember)	208
13	Volmaakte eenheid –(22-28 Desember)	216

## Redakteurskantoor

12501 Old Columbia Pike  
Silver Spring, MD 20904

## Besoek gerus ons webwerf by:

<http://www.absg.adventist.org>

## Hoofbydraes

Deur Denis Fortin

## Redakteur

Clifford R. Goldstein

## Subredakteur

Soraya Homayouni

## Publikasiebestuurder

Lea Alexander Greve

## Redaksionele Assistent

Sharon Thomas-Crews

## Pacific Press®-koördineerder

Wendy Marcum

## Kuns en Ontwerp

Lars Justinen

©Alle kopieregte 2018 Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® word voorbehou. Geen gedeelte van die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (Vierde Kwartaal), mag gereedigeer, verander, gewysig, aangepas, vertaal, gereproduseer of gepubliseer word deur enige persoon of entiteit, sonder die geskrewe magtiging van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste® nie. Die Sabbatskool Departement van die Wêreldkonferensie van die Sewendedag-Adventiste Kerk® het toestemming om te reël vir die vertaling van die *Sabbatskool-Bybelstudiegids vir Volwassenes*; dit is onderhawig aan sekere riglyne. Die kopiereg van sulke vertalings en die publisering daarvan word voorbehou deur die Wêreldkonferensie. "Sewendedag-Adventiste", "Adventiste" en die vlam-logo is geregistreerde handelsmerke van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®, en mag nie sonder amptelike toestemming gebruik word nie. Die *Sabbatskool Bybelstudiegids vir Volwassenes* (standaarduitgawe) word voorberei deur die Sabbatskooldepartement van die Wêreldkonferensie van Sewendedag-Adventiste®. Hierdie studiegids staan onder die algemene leiding van

die Sabbatskool Uitgewersraad, 'n subkomitee van die Wêreldkonferensiese Administratiewe Komitee (ADCOM), en die uitgewer van die bybelstudiegids. Die bybelstudiegids weerspieël dus die algemene bydraes van 'n wêreldwye evalueringskomitee en die goedkeuring van die Sabbatskool Uitgewersraad; en verteenwoordig dus nie uitsluitlik of noodwendig die sienings en standpunte van die hoofbydraer en/of outeur(s) nie. Hierdie uitgawe word gedruk en versprei in Kaapstad, Suid-Afrika.

## Bybelaanhalings

Tensy anders vermeld, word alle skriftuurlike verwysings in die bybelstudiegids vir die vierde kwartaal 2018 uit die volgende Bybelvertalings aangehaal: OAB. Skrifaaanhalings gemerk OAB is geneem uit Die Bybel in Afrikaans© 1933, 1953. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. NAB. Skrifaaanhalings gemerk NAB is geneem uit Die Bybel in Afrikaans© 1983, 1992. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.

## E.G. White-aanhalings in Afrikaans

Die Afrikaanse vertalings van die Ellen G. White-aanhalings wat in dié handleiding gebruik word, is vry vertaal deur die vertaler.



## Eenheid in Christus

**D**ie kerk is God se gesin op aarde – ons dien saam, studeer saam en aanbid saam. Met die oë gerig op Jesus – ons Leidsman en Verlosser – ontvang ons die roeping: Gaan die wêreld in, en bring die goeie tyding dat verlossing vir elke mens bedoel is. Leerstelling Nummer 14 (’n regstreekse vertaling uit) die *Fundamental Beliefs of the Seventh-day Adventist Church* sê onder meer: “Die kerk is die gemeenskap van gelowiges wat Jesus Christus as Heer en Heiland bely. Net soos die Ou-Testamentiese kinders van die Here word ons gevra om die wêreld te versaa en byeen te kom – ter wille van aanbidding, samesyn, onderrigting in die Woord, die viering van die heilige nagmaal, asook vir naastediens en vir die wêreldwye verkondiging van die evangelie” (*Seventh-day Adventists Believe* [Boise, Idaho: Pacific Press© Publishing Association, 2005] bl. 163).

Die vraag is net: Wat beteken die begrip “kerk” presies? Wie is almal deel van die kerk? Die antwoord op hierdie vrae is deels afleibaar uit die onderskeie definisies. Eerstens dui die kerk ongetwyfeld op die plaaslike gemeente – die “gemeenskap van die heiliges” wat in die bande van Christenskap en geloof aan Christus gehoorsaam is, die groep mense wat vir aanbidding en naastediens byeenkom. Dit kan ’n huiskerkie (oftewel “groepie”) wees. Party is groter en vorm derhalwe gevestigde gemeentes (Rom. 16:10, 11). Met die begrip “kerk” verwys ons natuurlik ook na die gebou waarin daardie gemeente saam aanbid. Hierdie tweede definisie is kwalik bevredigend. Die kerk gaan tog oor mense, nie geboue nie.

In die Nuwe Testament word die kerk vanuit ’n ander benadering beskou – as ’n versameling gemeentes wat tot ’n bepaalde streek of distrik behoort. Met Paulus se sendbrief aan die

Galasiërs rig hy byvoorbeeld sy skrywe aan aan al die gemeentes in die stede, dorpie en klein plekkies van daardie streek (Gal. 1:2; lees ook 1 Pet. 1:1). Voorts dui die begrip kerk ook op 'n groep mense wat aan dieselfde kerkgenootskap behoort, met 'n eiesoortige naam as simbool vir hul oortuigings en tradisie.

Nietemin is al hierdie definisies gebrekkig. Die kerk is die kinders van die Here regoor die wêreld. Jesus het inderdaad ook getroue volgelinge in ander kerkgenootskappe (waarvan baie in die finale eindtydkrisis by God se oorblyfsel gaan aansluit [Op. 18:1–4]), derhalwe fokus ons dié kwartaal op ons genootskap, die Sewendedag-Adventistekerk; en vra die vraag: Wat beteken eenheid in Christus vir ons?

Fundamentele Leerstelling Nr. 14, bekend as Eenheid in die Liggaam van Christus, sê: “Die kerk is een liggaam met baie lede, wat uit elke nasie, stam en taal en volk geroep word. In Christus is ons 'n nuwe skepping; onderskeiding tussen ras, kultuur, geleerdheid en nasionaliteit, en verskille tussen hoog en laag, ryk en arm, man en vrou, moet nie verdeeldheid tussen ons bring nie. Ons is almal gelyk in Christus, wat ons deur een Gees saamgebind het in een gemeenskap saam met Hom en met mekaar; ons moet dien en gedien word sonder partydigheid of voorbehoud. Deur die openbaring van Jesus Christus in die Skrifte deel ons dieselfde geloof en hoop, en reik ons die hand in een getuienis aan almal. Hierdie eenheid het sy bron in die eenheid van die Drie-enige God, wat ons as Sy kinders aangeneem het” (*Sewendedag-Adventiste Glo*, bl. 182).

Die doel van hierdie kwartaal se lesse is om die bybelse siening aangaande Christelike eenheid te ontdek, en wat dit vir ons as Sewendedag-Adventiste beteken – as 'n kerk wie se eenheid nou, net soos in die verlede, op allerhande maniere bedreig word. Boonop is dit gevare wat ons tot aan die voleinding van die wêreld sal moet trotseer.

Tog bied die Skrif ons talle insigte en voorskrifte vir die uitleef van sy groot gawe aan ons: Eenheid in Christus. Watter insigte in dié verband gee die Bybel ons? Wat sê die Woord, hoe moet ons maak om dit buite, maar ook binne die kerk, uit te leef? Dít is die dinge wat dié kwartaal onder die loep kom.

*Denis Fortin is 'n teologieprofessor aan Andrews-universiteit se kweekskool, 'n Sewendedag-Adventiste-intelling te Berrien Springs, in die Amerikaanse staat Michigan. Sedert sy aanstelling in 1994 dien Fortin as koördineerder vir die Meestersgraad in Godsgeleerdheid (1999–2001) en daarna as vise-dekaan (2000–2004). In 2006 word hy hoof van die Teologie- en Christelike Filosofiedepartement, en meer onlangs, die dekaan (2006–2013).*